## 18 Augustus - ONGELOOF

**Skrifgedeelte: Psalm 95:7-11; Hebreërs 3**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 3:7, 8 en 19 (OAV)**

Is jy moeg vir al die krisisse op jou pad? As jy dalk besig is om binne so hard (verbitterd) te raak dat jy nie meer omgee nie, is jy reeds op die gevaarlike pad van ongeloof. Dan is dit dringend, en moet jy nog vandag hieraan ernstig aandag gee – anders kan jy die beloofde rus nie ingaan nie.

Hebreërs 3 is 'n preek met Psalm 95 as teks. Psalm 95 gee 'n oorsig oor Israel se geskiedenis in die woestyn en verduidelik hoekom die eerste geslag Israeliete wat uit Egipte gevlug het, nooit die beloofde land kon ingaan nie. Buiten Josua en Kaleb is die ander in die woestyn dood.

Tydens hulle moeilike woestynlewe was hulle hardkoppig en wou hulle nie God se weë volg nie. Hulle was ongehoorsaam en vanweë hulle ongeloof kon hulle nie in God se rus ingaan nie.

Ons moet uit hulle foute leer. Israel het in hulle swaar tye vergeet van die wonderdade waarmee God hulle uit Egipte en in die woestyn gelei het. Hulle het selfs na Egipte terugverlang. Hulle het ongelowig geword en die droom gemis.

Ongeloof is trouens só 'n groot sonde dat die Here se toorn telkens daaroor ontvlam het.

Israel het 40 jaar lank in die woestyn rondgeswerf. Jesus is 40 dae lank in die woestyn versoek. Die apostels is 40 dae na Jesus se opstanding, voor sy hemelvaart, voorberei vir hulle werk in die wêreld. Dit kan ons help om die woestyntyd in ons eie lewe ook in 'n ander perspektief te sien: dis tye van voorbereiding vir 'n beter toekoms. Geloof in Christus is die weg van 'n definitiewe toegang tot die hemelse Kanaän.

Die belofte is duidelik: *"Ek skenk julle die ewige lewe."* Die eis is ewe duidelik: *"Glo dit en bekeer julle tot 'n lewe van gehoorsaamheid in Christus."* Geloof lei tot verbondseën. Ongeloof lei tot verbondswraak.

Ontberings bring soms die ergste in mense na vore, naamlik hulle ongeloof. Juis in sulke tye moet ons end-uit in die geloof volhard. Doen jy dit nie, maar raak jy opstandig of ongelowig, is die gevolge selfvernietigend – dan is daar geen toegang nie.

*Sing: Psalm 68: 9 (1936-beryming)* *Ds SA Cilliers (Waterberg)*